**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 4/08/2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023**:

Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak mev. Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

2. **Finansies**:

- Busgeld vir 3de kwartaal moet asb. teen 31 Julie betaal word.
- Daar is steeds kopieerkoste-/skryfbehoeftegeld uitstaande. Betaal asb. voor einde Julie.

3. **ATKV-Tienertoneel**:

Ons wil die toneelgroep baie sterkte toewens. Hulle neem op 9 Augustus by The Little Theatre in Port Elizabeth deel.

Akteurs:
Elaine Coenraad
Raydeline Stuurman
Venay Matjala
Kimlynne Majolla
Laura-Lee Pieterse
Luzandi O'Connel
Sarah Labuschagne
Maundrey Jantjies
Jaydrian Billet
Olivier Kritzinger
Jessica Bester

Tegniese span:
*Klank: Sesihle Khova
*Beligting: Arnè Oelofsen en Samantha Faustino
*Verhoogbestuurder: Emelee Smith
*Verhooghulp: Petronique Claasen, Marliené Strydom en Celine Maarman

4. **Sport:**

Op Saterdag, 29 Julie 2023, was dit interskole teen Sentraal.
Uitslae was as volg:

**RUGBY**:
o/15 verloor
1ste span verloor 12-8

**TENNIS:**
Wen 6-5

**NETBAL:**
1ste span wen 16-8
o/14 wen 14-9
o/16 verloor 7-15

**SKAAK:**

Ons skaakspelers het twee rondtes teen Hoërskool Sentraal gespeel en albei gewen.
*Rondte 1: 4½-3½
*Rondte 2: 5½-2½

Neem asb. kennis van die volgende ligawedstryde:
**Hoërskoolsport:** Maandag, 7 Augustus 2023 teen Hoërskool Nico Malan (tuis)
**Laerskoolaport:** Donderdag, 10 Augustus 2023 teen Graslaagte Primêre Skool(tuis)

*Die volgende mense word bedank vir hulle hulp by die interskole:

- Ewald vir die skenk van die skaap.
- Bennet vir die spit van die skaap.
- Dankie aan al die leerders wat gehelp het.

5. **VCSV KAMPE VIR KWARTAAL 3:**

**Gr 1-2** Kiddiekamp, Jeffreybaaikampterrein: 1-3 Sept. 2023 @ R550 [alles ingesluit]
- sluitingsdatum: 24 Aug

**Gr 3-4** Provinsiale kamp, Jeffreybaaikampterrein: 18-20 Aug. 2023 @ R550 [alles ingesluit]
- sluitingsdatum: 10 Aug.

**Gr 7** Provinsiale kamp, Jeffreybaaikampterrein: 11-13 Aug 2023 @ R550 – sluitingsdatum: 3 Aug.

Inligting in verband met inskrywings kan by juffrou Lieshe du Preez gekry word.

**Gr 8-12** Provinsiale kamp, Jeffreysbaai: 29 Sept. tot 3 Okt. 2023 gedurende die September skoolvakansie. Verblyf, 3 etes per dag saam met baie pret en avontuur word gewaarborg teen R950. Sluitingsdatum: 18 September 2023

Inligting in verband met inskrywing kan by mnr. Johan Schlechter gekry word.

6. **Wise Eye**

Soos u weet word die Wise Eye-leesprogram by Hoërskool Mclachlan aangebied. Die program word reeds by die grondslagfase geïmplimenteer. Ons volgende stap is om die program uit te brei met gebruik van die rekenaarprogram vir die ouer leerders. Op

Saterdag, 12 Augustus, vanaf 8:30 sal leerders van gr 4 tot 11 se leesvaardighede geëvalueer word. Uit die evaluasie sal ons die volgende kan sien: sigwoordeskat, leesspoed en begrip. Leerders sal ook die geleentheid kry om 'n visuele sifting te doen. Die sifting word gedoen met die Welch Allen Vision Screener wat basies soos 'n kamera werk. Dit is 'n nie-indringende en baie vinnige prosedure. Indien enige uitvalle geïdentifiseer word, sal u 'n verslag ontvang. Ons sal aanbeveel dat u kind dan 'n oogkundige moet gaan sien. Daar is geen kostes verbonde aan hierdie evaluasies nie. u kind hoef slegs op te daag. Hierdie wonderlike geleentheid word moontlik gemaak deur Movewright Kinderkinetika en Uniondale Lions Club.
Die toestel toets die volgende:

”Anisometropia”
“Astigmatism”
“Myopia”
“Hyperopia”
“Anisocoria”
“Gaze Vertical”
“Gaze Nasal”
“Gaze Temporal”
“Gaze Asymmetry”

Vir enige navrae kontak Caro-Lee Wright
071 671 3500
movewright@wiseeye.co.za

7. **NATUURWETENSKAPPE OLIMPIADE**

Twee graad 8-leerders het deelgeneem aan die Natuurwetenskappe Olimpiade op 27 Julie 2023. Ons hoop dat hulle baie goed sal doen, want hulle het dit baie geniet. Dit sal wonderlik wees as ons baie meer leerders kan aanmoedig om ook deel te neem aan die olimpiades vir Wetenskap en Wiskunde wat elke jaar aangebied word.

8. **ESKOM EXPO-VIR-JONG-WETENSKAPLIKES**

Weens 'n verskeidenheid van redes gaan daar ongelukkig geen leerders wees wat hierdie jaar aan die jaarlikse Expo in Gherbertha deelneem nie. Ten spyte van die werkswinkel wat in Februarie aangebied is, het teleurstellend min leerders kans gesien om selfs te probeer. Ons sien uit na goeie projekte volgende jaar.

9. **ASTROQUIZ**

Ons is bevoorreg om 8 graad 7-leerders in 2 spanne te hê wat op 3 Augustus deelgeneem het aan rondte 2 van die SAASTA Astroquiz. Baie dankie aan die ouers wat hulle so hard motiveer en help leer aan die inligting oor die ruimte. Die leerders leer geweldig baie in die proses. Ons hou duimvas dat hulle van die top 10 spanne van die Oos-Kaap gaan wees.

10. **PROTEA-BOK-VRYDAG 11 AUGUSTUS 2023**

Volgende Vrydag wil ons graag die sportgees in ons land en skool aanblaas met 'n lekker Protea-Bok-kleredragdag. Leerders kan vir slegs R5 die voorreg kry om met enige Protea- of Springbokklere en 'n netjiese denim en tekkies skool toe te kom. Daar gaan ook pouse

‘n lekker netbaldoelskietkompetisie wees.  Die kompetisie kos R5 en jy kan ‘n lekker “soetprys” wen.  Ons McL-Bokdag is die inisiatief van die Gr.10-Landboubestuurspraktyk-klas.


C.J. STUURMAN

Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

tituscelestine@yahoo.com

Tel: +27 (0) 42 940 2775

Cell:  +27 (0) 64 650 9453



.

0McLachlan Internet Fasiliteit